# UIT DIE PEN VAN DIE CEO (07/17)

(Volg my op Twitter justchad_cga)

*Justin Chadwick 3 Maart 2017*




***"An economist is an expert who will know tomorrow why the things he predicted yesterday didn't happen today" Laurence J Peter***

**VAN DROOGTE TOT DINEO**

Die tropiese sikloon Dineo het Mosambiek getref en wydverspreide verwoesting veroorsaak. In Suid-Afrika is dit afgegradeer en het tot wydverspreide reën in die noorde van die land gelei. Damme wat byna leeg was, het water gekry - en die Vaaldam wat sy sluise oopgemaak het, was 'n welkome gesig om te sien. Vir die sitrusbedryf - vir diegene wat die Tzaneendam dophou (verskaf water aan die Letsitele streek) het gesien hoe dit tot byna 52% styg - 'n styging van 10% in 'n week en meer as die 31% wat verlede jaar hierdie tyd aangeteken is. Die Blyderivierspoortdam wat aan Hoedspruit verskaf, loop al vir 'n geruime tyd oor, en so ook die Witbankdam vir Senwes. Die Nzheleledam verder noord wat water vir die in die Tshipise-streek verskaf, het van 34% tot 46% in 'n week gestyg. Net so het die Loskopdam wat ook water aan die Senwes-streek voorsien van 63% tot 81% in 'n week gestyg. Reënvalsyfers vir verlede week het getoon dat Tzaneen 133 mm ontvang het, terwyl Letsitele 126 mm ontvang het. Verder suid is die situasie nie so rooskleurig nie. In Patensie daal damme steeds - nou 35% vol. Die Sondagsrivier is afhanklik van die Gariepdam wat van 70% tot 92% gestyg het (as gevolg van reënval in die Vrystaat), maar die Sondagsrivier-streek self het geen reën vir 'n geruime tyd gehad nie. Die Wes-Kaap is baie droog - en hoopvol vir vroeë winterreëns. Die Brandvlei dam is op 23% en die Clanwilliamdam op 34%. Volgende week gaan die Variëteitsfokusgroepe vergader om die skatting vir die 2017-oes te bepaal - die watersituasie sal 'n groot rol in hierdie besprekings speel.

**BESIGE WEEK VOLGENDE WEEK**

Vir diegene wat saam met ons in Port Elizabeth gaan wees, 'n paar finale "reminders". Maandagoggend, 6 Maart, moet diegene op die Pre-Summit Toer by die Boardwalk Casino se parkeerterrein om 10:30 wees om gereed te wees om teen 11:00 te vertrek (let wel dat slegs diegene wat vir die toer geregistreer het, toegelaat sal word by die verskillende toerstoppe - niemand gaan toegelaat word om in privaat voertuie te volg of om die toer te "gate crash" nie!!). Op Dinsdag, 7 Maart, sal die Sitrusbemarkingsforum (wat 'n logistieke sessie insluit) vanaf 13:00 by St Georges Krieketstadion plaasvind. Registrasie vir die Summit sal dan vanaf 17:00 by die Boardwalk Konferensiesentrum oop wees vir diegene wat die 'Welcome Dinner" gaan bywoon (begin stiptelik om 19:00 – "dress code" vir die Summit is "smart casual"). Die Summit se registrasie sal dan oop wees vanaf 07:00 op Woensdag, 8 Maart, sodat almal in die saal kan wees vir 'n stiptelike begin om 09:00. Die Summit sal voortgaan tot 17:00 (met middagete om 13:00). Ons het 'n vol program vir die galadinee en die deure sal vanaf 18:30 oopmaak – neem asseblief plekke in teen 19:00. Die laaste dag van die Summit (Donderdag 9de) begin om 08:00 tot middagete om 12:00. Na middagete is dit die CGA ledevergadering (13:00 tot 14:00) gevolg deur die CGA Raadsvergadering. Kontak asseblief vir justchad@iafrica.com of gloria@cga.co.za indien jy meer inligting verlang.

**CGA GROEP – BEE status**

Dankie aan Portia Gasa, Robert Miller, Jon Pinker en al die ander wat betrokke was – ons het nou BEE sertifikate vir alle CGA Groepmaatskappye. River Bioscience is op 'n vlak 3; Sitrus Akademie, CGA Cultivar Company en die CGA Grower Development Company is almal op 'n vlak 4; CGA op vlak 6 en CRI op vlak 8. Alle sertifiserings is op die ou AgriBEE kodes gedoen en is vir 'n jaar geldig.

**AANBEVOLE GEBRUIKBEPERKINGS VIR GEWASBESKERMINGSPRODUKTE OP SUID-AFRIKAANSE UITVOERSITRUS**

Neem asseblief kennis dat die Februarie 2017-weergawe van hierdie dokument wat deur Paul Hardman (CGA) en Vaughan Hattingh (CRI) saamgestel is, nou beskikbaar is.

DIE CGA GROEP VAN MAATSKAPPYE (CRI, RIVER BIOSCIENCE, XSIT, CGA CULTIVAR COMPANY, CGA GROWER DEVELOPMENT COMPANY EN CITRUS ACADEMY) WORD DEUR SUIDER-AFRIKA SE SITRUSPRODUSENTE BEFONDS